



ONTDEK JOU PLEK 2020

SEWE DAE GEBEDSGIDS

Gebruik hierdie gebedsgids as riglyn om jou te lei om die week vooraf en tydens die 40 Dae ONTDEK JOU PLEK Reeks, gefokus te bid vir die veldtog.

Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring en dan sal baie Hom vir ons dank.

2 Korintiërs 1:11

Onse Vader ons bid . . .

- ❖ dat ons onself in gebed sal toewy vir die 40 Dae ONTDEK JOU PLEK veldtog. Ons pleit vir elke lid van ons gemeente. Berei ons geestelik voor vir wat U wil doen. Sonder U krag is ons tot niks instaat nie. Help ons asseblief om gedurende die tyd in alles wat ons doen U aangesig in gebed te soek.

Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

Efesiërs 6:18

- ❖ vir ons LERAAR wat die leiding neem asook vir ALMAL WIE MEEWERK se belangrike aandeel in die Veldtog. Ons bid U bekering oor hulle en hulle gesinne in die tyd. Here vul hulle asseblief met U Heilige Gees vir wysheid en krag en insig.

Want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan.

Filippense 1:19

Here Jesus ons bid . . .

- ❖ vir die Span Koördineerder, en sy span, dat hulle alles tot U eer sal doen. Ek bid dat hulle U genade en guns sal beleef in hulle dienswerk. Gee hulle wysheid en krag en insig om die gemeente te lei in hierdie 40 Dae ONTDEK JOU PLEK veldtog;
- ❖ dat ons almal 'n honger sal hê vir geestelike verandering (transformasie) in ons gemeente en vir blywende vrug vir U koninkryk in ons gemeenskap.

Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

Romeine 8:26

Heilige Gees ons bid . . .

- ❖ dat almal in ons gemeente sal deel in die 40 Dae ONTDEK JOU PLEK se kleingroep byeenkomste en dat hulle hier intieme geestelike verhoudings en veranderde lewens sal beleef. Berei asseblief al hierdie leiers van die kleingroepe voor en rus hulle toe vir hierdie dienswerk;
- ❖ dat mense deur die werking van die Heilige Gees aan die groepe toegevoeg sal word sodat daar ook in die kleingroepe groei sal plaasvind; en
- ❖ dat almal in ons gemeente hulle sal verbind om elke week getrou mee te werk aan die veldtog.

Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word.

Efesiërs 3:16

Here ons bid . . .

- ❖ vir die eredienste in hierdie veldtog en die impak wat dit gaan hê op U kinders.

Maar elkeen het van God sy besondere gawe ontvang, die een dít en die ander iets anders.

1 Korintiërs 7:7b

Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.

1 Korintiërs 12:11

- ❖ dat mense in volle afhanklikheid van die leiding van die Heilige Gees, ernstig sal soek na die gawes wat die Gees aan hulle gee om in die gemeente te kan dien tot die opbou van hierdie gemeente.

Vader ons bid . . .

- ❖ vir ons almal se geestelike groei en dat ons geloof sal verdiep soos ons gaan besef wat die doelwitte is wat U vir ons lewe het naamlik: aanbidding, gemeenskap, dissipelskap, dienswerk en sending (getuienis) ens . . .
- ❖ vir ons jongmense dat hulle ook geestelik sal groei en dat hulle sal besef dat die Here ook vir hulle gawes gegee het; en
- ❖ vir elke leier wat met die jeug werk, dat almal geestelik na aan die HERE sal leef.

Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.

2 Tessalonisense 1:11

Here ons bid . . .

- ❖ vir ons eindfees, die laaste Sondag van die reeks, dat dit 'n ware Jubeldag sal wees vir alles wat U in en deur ons gedoen het gedurende die 40 Dae;
- ❖ dat, deur die impak van hierdie veldtog, mense hulle lewens sal toewy aan Jesus Christus wat sin en 'n doel gee aan lewens. Ons bid dat U hierdie veldtog sal gebruik om ons gemeente te inspireer om in ons gemeenskap meer doelgerig uit te reik met die Goeie Nuus; en
- ❖ vir gewillige en gehoorsame gemeentelede wat hulself verbind tot bediening en meewerk aan die Koningryk soos die Here dit wil.

Want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer.

Filippense 2:13

Vader ek bid . . .

- ❖ dat almal in die gemeente in die dae ontvanklik sal wees vir die Boodskap van die veldtog. Help ons om die doelwitte waarvoor U ons geskep het, uit te leef;

Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.

Judas 1:20

- ❖ dat ons almal opgewonde sal wees oor die verskil wat gebed kan maak in die tyd;

Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling. **Filippense 1:9**

Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. **Efesiërs 6:18**